

## **Sing vooraf staande: Psalm 118:11, 13 (p. 579)**

- 11 Die steen waaraan die tempelbouers / veragt'lik het 'n plek ontsê,  
is voor die oog van die beskouers / deur God as hoeksteen neergelê.  
Die werk van godd'like alvermoë / is van God self geskied, deur wie  
die wonder oprys voor ons oë; / ons sien dit, maar deurgrond dit nie.
- 13 Geseënd is die grote Koning / wat aankom in die HEER se Naam;  
geseënd uit die HEER se woning / is volk en Koning altesaam.  
Die HEER, die God van ons betroue, / Hy kom ons met sy ligglans teen;  
bind dan die offerdier met toue / en lei dit na die altaar heen.

Ek slaan my oë op na die berge: waar sal my hulp vandaan kom? My hulp is van die HERE wat hemel en aarde gemaak het.

Genade en vrede vir julle van Hom wat is en wat was en wat kom, en van die sewe Geeste voor sy troon, en van Jesus Christus, die geloofwaardige getuie, die eerste wat uit die dood opgestaan het, die heerser oor die konings van die aarde.

**Amen.**

## **Skrifberyming 5-3:1, 2 (8:1, 2)**

- 1 Aan U, o Lam van God, 'n nuwe lofgesang! / Want U is waardig om die wonderboek te ontvang  
en oop te breek – die boek van toekoms en verlede / en van wat word, geskrif van Gods verborgenhede.  
U's waardig, U alleen, omdat die werk volbrag is, / toe U as offer vir ons sondeskuld geslag is
- 2 U 't van die hemel hoog op aarde neer wou daal, / en ons vir God gekoop uit alle volk en taal.  
Die losprys was u bloed, wat U vir ons gestort het, / waardeur ons, rein gewas, 'n priestervolk geword het  
en konings in die ryk van onverstoorb're vrede, / om God te dien en eer in eind'lose ewighede.

## **Geloofsbelydenis: Nicea**

Wet

## **Psalm 25:2, 6 (p. 115)**

- 2 Leer my, HEER, u regte weë, / wys die regte pad my aan;  
maak my hart daartoe geneë, / om met lus daarop te gaan.  
Wil my deur u waarheid leer, / lei my dwalende gedagte;  
want u is my heil, o HEER! / U is ek altyd te wagte.

Gebed

## **Psalm 68:1, 2 (p. 330)**

- 1 Die HEER sal opstaan tot die stryd; / Hy sal sy haters, ver en wyd, / laat wegvlug voor sy oë.  
Hoe hoog die mens se trots mag gaan, / hy sal geen oomblik kan bestaan / voor God se alvermoë.  
As U, o HEER, in mag verskyn, / sal hul soos rook en damp verdwyn, / deur stormwind voortgedrewe.  
Soos was wat smelt voor hitte en vuur, / het almal voor Gods glans geen duur / wat goddelooslik lewe.
- 2 Maar al Gods volk, in Hom verheug, / sal opspring in hul sielevreug / en huppel voor sy oë;  
sy mag, wat alle mag oortref / en uit verneedring hul verhef, / sal nooit hul val gedoë.  
Hef tot Gods eer 'n danklied aan; / verhoog, verhoog voor Hom die baan; / sing, al wat leef, sy ere!  
Berei die weg, in Hom weer bly / wat deur die wye vlaktes ry: / sy Naam is HEER der here!

## **Skriflesing: Matteus 27:62-28:10**

### **Kernverse: Matteus 28:6-7**

**Hy is nie hier nie, want Hy is uit die dood opgewek, soos Hy gesê het. Kom nader en kyk: daar is die plek waar Hy gelê het. Gaan gou en sê vir sy dissipels: 'Hy is uit die dood opgewek, en Hy gaan julle vooruit na Galilea toe. Daar sal julle Hom sien.' Dit is wat ek vir julle moes sê.**  
(Matteus 28:6-7 AFR1983)

**Tema:** Die heerlike boodskap: Christus het opgestaan

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, oor die geboorte van Jesus word daar baie gesê. Selfs mense wat Jesus nie as hulle persoonlike Verlosser wil ken en dien nie, is opgetrek met Kersfees. Met allerhande mooi versierings en Kersliedjies probeer elke winkel die wêreld oorhaal om te koop en te koop in die Kersseisoen. Vir ons Christene is Kersfees natuurlik ook iets groots omdat ons met groot dankbaarheid terugdink dat die enigste Seun van God Homself verneder het om 'n mens te word sodat Hy ons Verlosser kan wees.

Oor die dood van Jesus word daar ook baie gesê. Ons Christene sê baie daaroor, want ons weet en vertrou dat Jesus Christus juis deur sy dood aan die kruis die volle betaling vir die mensdom se sondes gemaak het. Die vyande van God het ook baie te sê oor die dood van Jesus, want daarmee reken hulle dat hulle vir Jesus weggee het van die aarde af en uit die mensdom se lewe uit. Maar oor die opstanding van Jesus word relatief min gesê in vergelyking met sy geboorte en dood. Die mense wat gemeen het om Jesus van die aarde af weg te vee, durf nie iets sê nie, want Jesus se opstanding is die begin van die ondergang van hulle en hulle bose werk. En tot ons eie skande moet ons Christene erken dat ons ook maar min oor Jesus se opstanding sê en gevolglik is sy opstanding nie vir ons altyd 'n werklikheid nie.

Met hierdie Skrifgedeelte gaan die Heilige Gees ons uit hierdie skande uitlei sodat ons vir almal kan gaan vertel: Ons Here Jesus het vir jou en my uit die dood uit opgestaan!

Baie vroeg daardie Sondagoggend, toe dit nog maar net begin lig word, het Maria Magdalena en die ander Maria na die graf toe gegaan. Hulle het gegaan om Jesus se liggaam met olies en speserye te behandel soos wat dit gebruiklik was om te doen met die liggaam van 'n geliefde voordat hy begrawe word. Hulle wou dit nou gaan doen omdat hulle Jesus liefhet en omdat hulle dit nie kon gedoen het voordat Jesus in die nuwe graf weggeleë is nie.

Jesus is vroeg Vrydagoggend al gekruisig, maar Hy het eers na drie Vrydagmiddag gesterf. Toe moes Josef van Arimatea en Nikodemus nog eers by Pilatus toestemming gaan vra om Jesus se liggaam van die kruis af te haal. Hulle wou nie hê dat Jesus op die sabbat, wat reeds sesuur Vrydagaand begin het, aan die kruis moes bly hang nie. Daar was dus nie genoeg tyd vir die vroue om Jesus se liggaam met die nodige eerbied te behandel voordat Hy in die graf weggeleë is nie.

Geliefdes, Maria-hulle was toe ook nog in verdwaasdheid vasgevang oor alles wat gebeur het. Alhoewel hulle geweet het dat Jesus regtig die Christus is wat na hierdie wêreld moes kom om die kinders van God te red, het die gebeure van Vrydag hulle totaal oorweldig. Al die wreedheid wat Jesus onder die hande van die Jode en die Romeine deurgemaak het, het gemaak dat hulle vergeet wat Jesus vir hulle gesê het. Hulle kon in hierdie stadium nie Jesus se eie woorde oor sy dood en opstanding by hierdie afgelope tyd se gebeure uitbring nie. Hulle was mos self by die kruis. Hulle het gesien watter ontsettende lyding Jesus beleef het en het ook nog gehoor hoe Hy uitgeroep het: **Eli, Eli, lemá sabagtani?** (Matteus 27:46 AFR1983) Dat Jesus al uit die dood uit kon opgestaan het, daaraan het hulle nie gedink nie. Hulle grootste kommer daardie Sondagoggend was: Hoe sal hulle die klip voor die graf weggerol kry.

Maria-hulle was onder die indruk dat daar maar net 'n klip voor die graf was. Maar dit was nie al nie. Die priesterhoofde en die Fariseërs het nogal op daardie sabbatdag, nadat Jesus begrawe was, na Pilatus toe gegaan en hom gevra dat die graf bewaak moet word. Vir die Fariseërs was Jesus 'n bedrieër van wie hulle nou deur die kruisdood ontslae geraak het. En hulle wil doodseker maak dat hulle vir goed van Jesus ontslae sal wees. Daarom het hulle nie maar net die graf deur 'n soldaat laat bewaak nie; hulle het boonop die klip voor die graf verseël. Hulle wou Jesus in die graf toemessel.

Pilatus se soldate by die graf en die Fariseërs se seël op die grafklip vorm alles saam een geheel. Dit is die werk van die Satan wat in die skepping van God indring en probeer om God en sy werk uit die skepping uit te dryf. Satan wou God se verlossingswerk verhinder. Met die optrede van hierdie mense, wat van Jesus Christus niks wou weet nie, wou die Satan en die Fariseërs vir Jesus in die graf hou. Hulle staan Jesus se verlossingswerk teen omdat hulle Hom as die Seun van God en die Verlosser van mense verwerp het. Die Satan wou met die seël van die Fariseërs verseker dat Christus in die dood bly, want dan kon God geen mens regverdig maak deur Christus nie. Geliefdes, dit is immers waarom Christus gesterf het en begrawe is. Hy het aan God se regverdige eis voldoen deur in jou en in my plek te sterf vir ons sondes. Maar Hy moes nou uit die dood uit opstaan sodat Hy die geregtigheid wat Hy vir ons aan die kruis verwerp het, vir ons kon gee. Dit wou die Satan verhinder. Daarom het die Jode die graf verseël en bewaak. Jesus mag nie uit die dood opstaan nie. Die Fariseërs wou nie hulle stryd teen God gewonne gee nie.

Wanneer God egter sy wil uitvoer, kan niks en niemand keer nie. Toe Maria hulle nog onderweg was na die graf, was daar 'n geweldige aardbewing. Uit die hoë hemel uit doen God wat Hy voorgeneem het om vir sy mense te doen. Aan die kruis het Jesus reeds gesê: **Dit is volbring** (Johannes 19:30 AFR1983). Hy het die straf op die mensdom se sonde volledig gedra. Met die aardbewing en die koms van die engel hoor die hele skepping dat God Jesus se verlossingswerk beaam. God sê *Amen* op Jesus se kruisdood. God sê en wys self dat Jesus ten volle die straf op die mensdom se sonde gedra het. Hy breek die seël van die graf en stuur sy engel om die graf oop te maak sodat almal kan sien dat Jesus opgestaan het.

Toe die engel met hemelse heerlijkheid neergedaal het op aarde, ja, toe die Here sy heerlike magsdaad verrig, kon die werkers van die kwaad nie meer standhou nie. Die soldate het gebewe en soos dooies geword. Deur al die eeue heen weerklink dit nog steeds wat op daardie Sondagoggend gebeur het. Die Here se werk kan nie gekeer word nie. Die seël van die graf is gebreek en 'n engel van die Here het die klip weggerol sodat ook die werkers van die kwaad kon sien dat Jesus werklik uit die dood uit opgestaan het. Broers, susters en kinders, as Jesus vir die mens die enigste Verlosser is, is Jesus se opstanding vir daardie mens die lewe. Maar as Jesus vir die mens nie die Verlosser is nie, is Hy vir daardie mens 'n struikeling, 'n klippie waarvoor hy struikel en 'n rots waarteen hy hom stamp. Die soldate wou ook niks daarvan weet dat Jesus die Seun van God en die Verlosser is nie, daarom het hulle soos dooies geword.

Daar is vandag steeds mense wat Jesus nog in die graf wil hou. Hulle wil nie erken dat Jesus uit die dood opgestaan het nie, want die moderne mens kan mos nie die opstanding uit die dood met sy verstand begryp nie. Ons hoef nie met hierdie mense te redeneer nie. Die dag dat die opgestane Jesus weer op die wolke van die hemel sal verskyn, is nader as ooit. Dan sal daardie mense ook soos dooies word en skree: Berge val op ons en heuwels bedek ons! Ons hoef ook nie skaam te word as hulle sê ons is nog kinderagtig om verhaaltjies soos die opstanding uit die dood te glo nie. Ons glo dat Jesus uit die dood opgestaan het en ons lewe, want die Heilige Gees laat ons deur die geloof deel kry aan die geregtigheid wat Christus vir ons verwerp het. Omdat Christus die prys ten volle betaal het, het Hy uit die dood opgestaan. Deur die geloof spreek God ons vry van al ons sondeskuld.

Maria-hulle het by die graf aangekom toe die soldate al klaar weggehardloop het. Toe hulle meteens opkyk, sien hulle dat die graf oop is en hulle skrik. Hulle is steeds in hulle verdwaasdheid vasgevang, want die eerste ding waaraan hulle toe dink, is dat iemand Jesus se liggaam uit die graf kom steel het. Dadelik vertrou die engel hulle:

**Julle moet nie bang wees nie. Ek weet julle soek Jesus wat gekruisig is.** (Matteus 28:5 AFR1983)

Met hierdie woorde verdryf die Here die vrees uit die harte van die mense wat Hy liefhet. Maria, julle hoef nie bang te wees nie. Ek weet julle soek vir Jesus, sê die engel. **Hy is nie meer hier nie, want**

**Hy is uit die dood opgewek, soos Hy gesê het.** Die engel herinner hulle aan Jesus se eie woorde: *Op die derde sal Ek uit die dood opstaan.* Die Here verdryf die vrees uit ons harte uit met die lig van sy eie woord.

Die engel gaan verder. Hy roep hulle: **Kom nader en kyk, daar is die plek waar Hy gelê het.** Word in julle harte oortuig dat die dood Hom nie kon hou nie. Wees oortuig in jou hart dat jou sondes Jesus nie in die dood kon vashou nie. Hy het klaar volledig daarvoor betaal. En God die Vader het sy betaling aanvaar, daarom het Hy sy Seun uit die dood opgewek.

Broers, susters en kinders, met die Here se Woord bring die Heilige Gees ook vir jou en my vanoggend die troos wanneer Hy sê: Ek weet julle soek Jesus, maar Hy is nie meer in die graf nie. Hy is uit die dood opgewek. Soek jy vir Jesus, broer en suster? Soek jy Hom wat in jou plek 'n vervloekte geword het en deur God aan die kruis verlaat is? Salig en gelukkig is jy omdat jy Hom soek. Onthou dan altyd: Jesus is nie meer in die graf nie. Hy is uit die dood opgewek. Daarom hoef ek en jy nie meer gebuk te gaan onder die las van ons sondeskuld nie. Ons kan daarvan ontslae raak deur dit voor die Here te bely en in die Naam van die lewende Christus om vergifnis te smee. Hy is mos uit die dood opgewek omdat God sy betaling vir ons sondes aanvaar het. Daarom hoef ek en jy in tye van nood en swaarkry ook nie alleen voort te strompel asof daar geen uitkoms is nie. Ons Here Jesus lê mos nie meer in die graf nie, Hy het opgestaan en Hy lewe tot in ewigheid. Ons kan na Hom toe gaan en vir Hom hulp en uitkoms vra.

Omdat die engel lig vir Maria-hulle in die skemer van daardie Sondagoggend gebring het en hulle vrees in blydschap verander het, kon hulle nou draers van die blye boodskap word. Die engel stuur hulle dan ook met hierdie woorde:

**Gaan gou en sê vir sy dissipels: Hy is uit die dood opgewek, en Hy gaan julle vooruit na Galilea toe. Daar sal julle Hom sien.** (Matteus 28:6-7 AFR1983)

Dit is nie net Maria en ander vroue wat die blye boodskap moet hoor nie. Nie net hulle moet weet dat Jesus opgestaan het nie. Al Jesus se dissipels moet weet, want hulle almal is nog in vrees en verdwaasdheid vasgevang. Hulle het ook vergeet dat Hy gesê het dat Hy op die derde dag sal opstaan. Al die dissipels moet weet dat Jesus Christus nog steeds hulle goeie Herder is. Hy gaan hulle vooruit na Galilea toe. Die goeie Herder jaag nie sy skape aan nie, Hy gaan voor hulle uit en hulle volg Hom. In Galilea waar alles drie jaar gelede begin het, daar sal hulle Hom sien.

Met hierdie Woord van die Here sal die Heilige Gees ook die geloof in die dissipels se harte weer opwek sodat hulle Jesus nie nou al hoef te sien nie maar tog kan glo dat Hy opgestaan het. Die regverdige leef mos deur die geloof en nie deur te sien nie. Met hierdie selfde woorde wek die Heilige Gees in jou en in my die geloof dat ons verseker kan weet en vas kan vertrou dat Jesus regtig opgestaan het al het niemand van ons Hom nog ooit gesien nie. En Jesus self noem vir jou en my geseënd omdat ons glo al het ons Hom nie gesien nie. Deur die geloof kan ons bly lewe met die heerlike wete: Ons Koning en Verlosser leef en wanneer Hy op die wolke van die hemel terugkom om ons finaal te verlos, sal almal Hom sien en erken: Hy is die Here.

Geliefdes, Markus berig ietsie meer van die blye boodskap wat Maria-hulle moes uitdra. Markus skryf: **gaan sê vir sy dissipels en in die besonder vir Petrus** (Markus 16:7 AFR1983): Hy is uit die dood opgewek. Petrus is die dissipels wat in daardie stadium nog die swaarste gebuk gegaan het onder sy eie kwade woorde. Dit is hy wat met 'n eed gesweer het dat Hy die Here Jesus nie ken nie. Die sonde van sy verloëning het ook gemaak dat Jesus swaar gely het, helse smart en pyn gely het. Petrus moet nou ook die troosryke woorde hoor. Die Here het hom nie vergeet nie. Hy het Petrus se tranes raakgesien en Hy gee ook vir Petrus die vryspraak van sy sonde, want Hy het ten volle vir Petrus se verskriklike sonde aan die kruis klaar betaal. Daarom is Hy uit die dood opgewek.

Ook vir my en jou wat miskien al vir jare worstel oor een sonde wat ons gedoen het en nou al vir jare 'n skuldgevoel met ons saamdra, vir ons stuur die Here hierdie troosryke woorde: Jou Here Jesus is nie meer in die graf nie. Hy het uit die dood opgestaan, want Hy het ook vir daardie sonde wat jou al soveel jare lank teister klaar betaal. Jy moet jou nie meer daar-oor kwel nie. Die prys is betaal en God het die betaling aanvaar. Daarom het Hy vir Jesus uit die dood opgewek. Leef daarom uit die versoening wat die Heilige Gees in jou hart werk.

Maria-hulle is toe haastig daar weg om vir die ander dissipels te gaan vertel. En skielik het Jesus self voor hulle gestaan. Hy sê toe presies wat die engel vir hulle gesê het:

**Moenie bang wees nie. Gaan sê vir my broers hulle moet na Galilea gaan, en daar sal hulle My sien** (Matteus 28:10 AFR1983).

Met hierdie verskyning en hierdie woorde bevestig Jesus self wat die engel so pas aan die vroue gesê het, is die waarheid. Jesus neem die engel se woorde vir sy rekening. Hy het waarlik opgestaan.

Geliefdes, as die Heilige Gees jou vanoggend oortuig het dat Jesus se opstanding werklik is, is jy gelukkig en geseënd. Leef dan uit die versoening wat die Heilige Gees in jou hart werk. Laat ek en jy dan ook nou draers van die blye boodskap wees. Met hierdie blye boodskap stuur die Here ons om vir so baie mense wat nog in wanhoop verkeer die hoop te gaan verkondig: Jesus het opgestaan, want Hy het ons ten volle van ons sondes verlos.

**Amen!**

Gebed

Skrifberyming 5-4:1, 2, 5, 6 (10:1, 2, 5, 6)

- |   |  |   |   |
|---|--|---|---|
| 1 | Wie kan ons voor die regter daag?<br>Gods uitverkore kind verklaag?<br>Waar is die mond wat durf verdoem<br>as God sy kind regverdig noem?         | 2 | Dis Christus wat die skuld wou dra,<br>die dood vir ons gesterf het, ja,<br>wat, opgewek, in glorie sit<br>en altyddeur vir ons wil bid.  |
| 5 | Maar nee, ons sal oorwinnaars bly<br>deur Hom vir wie ons leef en ly.<br>Ja 'k weet gewis, geen lewe of dood,<br>geen eng'lemag, bo-menslik groot, | 6 | geen skepsel in die skepping wyd,<br>geen ding in tyd of ewigheid –<br>niks kan ons van Gods liefde skei<br>wat ewig-vas in Christus bly. |

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

Ds Coenraad Vrey  
Gereformeerde Kerk Bellville  
8 April 2012